**Onder wie se gesag lewe jy? Omgeegroepe 28 September - 5 Oktober 2014**

1. Lief en Leed – Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging van mekaar.

2. Ingenooi in God se rus en tyd – Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in Sy teenwoordigheid, en bid saam vir die luister na Sy stem uit die Woord.

3. Luister na God se Woord – Lees Matteus 21:23-32. Watter drie punte staan die meeste vir jou uit? Deel dit met jou groep. (Dis belangrik om na mekaar se idees te luister, ons leer verskriklik baie van ander, dit verryk ons.)

4. Luister na mekaar en die wêreld – Bespreek nou saam 5 dinge vanuit hierdie teks:

- Die tema van hierdie teks?
- Wat leer ons hier van Jesus se lering af?
- Verkeer ons soms in hierdie selfde posisie, as die skare?
- Watter keuse blyk daar vir u uit hierdie teks?
- Hoe lyk so 'n verhouding met God?

5. Luister nou weer na die woord – Vanuit hierdie teks, leer ons 'n hele paar lewenswaarhede. Aan die begin leer ons, dat dit belangrik is, dat ons optree vanuit die gesag van Jesus Christus, en nie die van mense nie. Jesus was juis hieroor aangevat, en ons word ook soms in die wêreld aangevat oor wat ons doen onder die naam van God. Daarom is dit belangrik dat ons altyd sensitief sal wees vir God se stem, en dat ons fyn sal luister na wat God wil hê ons moet doen. Jesus verduidelik dit hier aan ons deur die gelykenis van die twee seuns.

   Die punt van die gelykenis is, dat dit nie saak maak of almal anders weet ons is gelowiges en wat ons alles vir die kerk doen nie. Wat belangrik is, is dat ons God gehoorsaam. Ons moet soos die eerste seun wees. Die vraag is, sal mense steeds weet ons is gelowiges, al word ons monde toegeplak vir 'n dag. Dit is beter om God opreg te dien, as om 'n klomp maskers op te sit waarvan die wêreld hou.

6. Fokus op wat God doen – Watter seun kan u mee vereenselwig? Wat sou u sê moet verander in u lewe? Onthou dat Jesus reeds vir al ons sondes gesterf het, en dat sonde iets is wat deel is van ons almal. Wat belangrik is, is dat ons bewus raak daarvan, en ons lewens sodoende inrig.
7. Antwoord met ons lewe – Gesels oor hoe u meer God aan die hoof van u lewe kan stel. Asook hoe om meer sensitief te raak vir God se stem in ons lewens, en hoe ons Sy opdragte kan uitvoer. Praat ook hoekom dit belangrik is vir elkeen van ons om God te gehoorsaam.

8. Bid nou saam – Wanneer ons bid, kom ons vra God opnuut om aan die Hoof van ons lewens te staan. Om ons te help om aan Hom die regvolle plek as Vader, in ons lewens te gee. Asook om ons te help om te luister na Sy stem, en dat Hy ons help om Sy opdragte uit te voer. Dank Hom ook vir Sy uitstaande genade en liefde, wat Hy as seëning aan ons almal skenk.

9. Administrasie – Maak seker van die groep se diensbeurte en ander reëlings van belang.

Geseënde week vir u verder!. God sëen u!